



**Wes-Kaapse
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

BETER TESAME.



Jaarverslag 2012/2013

Maatskaplike Ontwikkeling



Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Wes-Kaapprovinsie

Jaarverslag
2012/2013



INHOUDSOPGAWE


DEEL A: ALGEMENE INLIGTING	1
1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE DEPARTEMENT	1
2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME	2
3. STRATEGIESE OORSIG	4
3.1. Visie	4
3.2. Missie	4
3.3. Waardes	4
3.4. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	4
4. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE	4
5. ORGANISATORIESE STRUKTUUR	8
6. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR VERSLAG DOEN	9
7. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER/LUR	9
8. VERKLARING DEUR DIE ADJUNKMINISTER	11
9. OORSIG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE	11
DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING	15
1. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR PRESTASIE-INLIGTING	15
2. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAF BEPAALDE DOELWITTE	16
3. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE	16
3.1. Diensleweringomgewing	16
3.2. Diensleweringverbeteringsplan	17
3.3. Organisasoriese omgewing	18
4. SLEUTELBELEIDONTWIKKELINGS EN WETGEWENDE VERANDERINGE	19
5. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE	19
6. PRESTASIE-INLIGTING VOLGENS PROGRAM	22
6.1 Program 1: Administrasie	22
6.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste	27
6.3 Program 3: Ontwikkeling en Navorsing	49
7. OPSOMMING VAN FINANSIËLE INLIGTING	60
7.1 Departementele ontvangste	60
7.2 Proqrambesteding	61
7.3 Oordragbetalings, openbare entiteite uitgesluit	61
7.4 Openbare entiteite	61
7.5 Voorwaardelike toelaes en bestemde fondse betaal	61
7.6 Voorwaardelike toelaes en bestemde fondse ontvang	61
7.7 Skenkerfondse	61
7.8 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuurplan	61



DEEL C: STAATSBESTUUR	67
1. INLEIDING	67
2. RISIKOBESTUUR	67
3. BEDROG EN KORRUPSIE	67
4. MINIMALISERING VAN BELANGEBOTSING	68
5. GEDRAGSKODE	68
6. GESONDHEIDSVEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES	68
7. INTERNE BEHEERENHEID	68
8. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE	69
DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR	73
1. WETGEWING WAT MENSLIKEHULPBRONBESTUUR REGULEER	73
2. INLEIDING	75
3. MENSLIKEHULPBRON-OORSIGSTATISTIEKE	77
3.1 Personeelverwante uitgawe	77
3.2 Indiensname en vakatures	80
3.3 Posevaluering	82
3.4 Indiensnemingsveranderinge	84
3.5 Diensbillikheid	89
3.6 Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBP	97
3.7 Vulling van SBP-poste	98
3.8 Werknemerprestasie	101
3.9 Buitelandse werkers	104
3.10 Verlofbenuutting	105
3.11 MIV/vigs-gesondheidsbevorderingsprogramme	108
3.12 Arbeidsbetrekkinge	111
3.13 Vaardigheidsontwikkeling	114
3.14 Beserings aan diens	116
3.15 Gebruik van konsultante	116
DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING	120
BYLAE	120







Deel A: ALGEMENE INLIGTING





DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE DEPARTEMENT

FISIESE ADRES: Queen Victoria-straat 14
Kaapstad
8001

POSADRES: Privaatsak X 9112
Kaapstad
8000

TELEFOONNOMMER/S: 021 483 5045/3083

FAKSNOMMER: 021 483 8802

WEBTUISTE-ADRES : <http://www.westerncape.gov.za>

VRYWARING

Die Engelse gedeelte van hierdie Jaarverslag word geag die amptelike teks te wees.

Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalings proses nie.

Hierdie Jaarverslag is opgestel deur die Direkoraat: Beplanning en Beleidooreenstemming, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om addisionele kopieë van hierdie dokument te verkry kontak asb.:

Die Departementshoof
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Privaatsak X9112
Kaapstad
8000
Suid-Afrika
Tel: +27-21-483 4872
Fax: +27-21-483 8802
TOLL-FREE No.: 0800 220 250
WEBSITE: <http://www.westerncape.gov.za>

PR 153/2013

ISBN: 978-0-621-41926-9

2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

APO	Assistentproefbeampte
BAP	Bestuursaksieplan
BGSEB	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
BPAH	Bestuursprestasie-assesseringsinstrument
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BS	Bestuurskomitee
BBP	Batebestuurplan
CV	Curriculum Vitae
DLG	Diensleweringgebied
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DPME	Departement van Prestasiemonitering en Evaluering
DSDA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DvdP	Departement van die Premier
DvJ	Departement van Justisie
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
FBOV	Finansiële Bestuursoorsig en Vooruitsigte
FBVP	Finansiële Bestuursverbeteringsplan
FJS	Finansiële Jaarstate
G-BBP	Gebruiker – Batebestuursplan
GDLM	Geïntegreerde Diensleweringmodel
GIS	Geografiese Inligtingstelsel
GKTV	Geslotekringtelevisie
HBI	Histories benadeelde individue
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
HH	Huishoudings
HvD	Hoof van Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
HvK	Hoof van Kommunikasies
IKB	Institusionele Kapasiteitsbou
IT	Inligtingstechnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KBD	Kinderbeskermingsdiens
KBOV	Korporatiewe Bestuursoorsig en Vooruitsig
KBR	Kinderbeskermingsregister
KBRS	Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens
KJVS	Kinder- en Jeugsorgsentrums
LOGIS	Logistiese Inligtingstelsels

LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
M & E	Monitering en Evaluering
MGO-sentrum-program	Massadeelname, Geleentheid en Toegang; Ontwikkelings- en Groei-sentrumprogram
MH	Menslike hulpbron
MIV	Menslike immunitetsgebreksvirus
MNV	Maatskaplike noodverligting
NDOO	Nie-in-diens, onderwys of opleiding
NFD	Nie-finansiële data
No.	Nommer
NRO	Nieregeringsorganisasie
NVG	Nasionale Vervolgingsgesag
OBO	Oordragbetalingsooreenkoms
OGSA	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBKOM	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
OSW	Organisasie sonder winsoogmerk
PERSAL	Personeelsalarisstelsel
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PT	Provinsiale Tesourie
RB	Rekeningkundige Beampte
SAGENDG	Suid-Afrikaanse Gemeenskapsepidemiologienetwerk vir Dwelmgebruik
SAMSA	Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SARMDB	Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe
SBP	Senior bestuurpersoneel
SBP	Slagofferbemaatrigingsprogram
SEB	Swart Ekonomiese Bemaatriging
TB	Tuberkulose
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
VIGS	Verworwe immunitetsgebreksindroom
VKB	Vorraadkettingbestuur
VKO	Vroeëkindontwikkeling
VPG	Vereniging vir Persone met Gestremdhede
WBORB	Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
WVBS	Werk vir vergoeding buite die staatsdiens

3. STRATEGIESE OORSIG

3.1. Visie

'n Selfstandige samelewing

3.2. Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, die kwesbare en diegene met spesiale behoeftes bevoegdheid gee en hulle bemagtig.

3.3. Waardes

Die werk van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) word deur die volgende provinsiale waardes ondersteun:

- Bekwaamheid
- Rekenpligtigheid
- Integriteit
- Responsief
- Sorgsaamheid

3.4. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

- Om die bestuur en modernisering van dienslewering te verbeter
- Om geleenthede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste te skep
- Om 'n samelewing wat omgee deur ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste te skep

4. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

4.1. Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op die doelmatigheid van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO)
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)	Artikel 28 (1) van die Grondwet sit die regte van kinders uiteen met betrekking tot geskikte sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) en om nie aangehou te word behalwe as 'n laaste uitweg nie.

4.2. Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op die doelmatigheid van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO)
Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)	<ul style="list-style-type: none"> Die Witskrif dien as 'n grondslag vir maatskaplike welsyn na 1994 deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelings-maatskaplike welsynstelsels te voorsien.
Witskrif vir 'n Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998)	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasie van bevolkingskwessies en ontwikkelingsbeplanning in die verskillende sferes van die regering en alle sektore van die samelewing. Die DMO word deur die beleid gemandateer om die implementering van die beleid, sy impak op bevolkingstendense en dinamika in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Wet op Ouer Persone (Wet 13 van 2006)	<ul style="list-style-type: none"> Die Wet op Ouer Persone (Wet 13 van 2006) wat deur Presidensiële Proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, het die bemagtiging en beskerming van ouer persone ten doel, insluitend hulle status, regte, welsyn, veiligheid en sekuriteit asook die bekamping van mishandeling van ouer persone. Anders as die Wet op Bejaarde Persone (Wet 81 van 1967), verskuif die klem van institusionele sorg na gemeenskapsgebaseerde sorg om te verseker dat 'n ouer persoon vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly. Hierdie Wet bevorder 'n ontwikkelingsbenadering wat aan die volgende erkenning gee: <ul style="list-style-type: none"> Wysheid Vaardighede Ouer persone wat by gemeenskapsake betrokke is. Regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone. Die daarstelling en bestuur van dienste en die bestuur van fasiliteite vir ouer persone.
Kinderwet (Wet 38 van 2005) soos gewysig.	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Wet wat op 1 April 2010 deur Presidensiële Proklamasie in werking gestel is, omskryf en bepaal: <ul style="list-style-type: none"> die regte en verantwoordelikhede van kinders; die ouers se verantwoordelikhede en regte; die beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders; die bevordering van die welsyn van kinders; en die konsolidering van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders en maak voorsiening vir bykomende aangeleenthede.
Wet op Geregtigheid vir Kinders (Wet 75 van 2008)	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering onder al die staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie Wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeë intervensieprogramme asook die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Wet op Proefdienste (Wet 116 van 1991)	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Wet dien as 'n tussentydse maatreeël om die transformasie van die kinder- en jeugsorgstelsel te fasiliteer. Die transformasie van die kinder- en jeugsorgstelsel hou verband met: <ul style="list-style-type: none"> Vroeë intervensie Opsporing van familie Tuisgebaseerde toesig Herstellingsgeregtigheid Dienste ten opsigte van slagoffers van misdaad Assessering van kinders wat gearresteer is en nie uit aanhouding vrygelaat is nie.

Wetgewing	Impak op die doelmatigheid van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO)
Wet op die Voorkoming en Behandeling vir Middelmisbruik (Wet 70 van 2008)	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering onder al die staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie Wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeë intervensieprogramme asook die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Wet op Maatskaplike Diensberoepe (Wet 110 van 1978) gewysig 1995, 1996 & 1998	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Wet het gelei tot die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe en omskryf ook die bevoegdhede en funksies van die maatskaplikediensteraad en -beroepe.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (Wet 71 van 1997)	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie Wet het die Wet op Fondsinsameling, 1997 vervang. Dit bevorder egter steeds die vrystelling van fondse en 'n omgewing waar NROs kan floreer deur 'n administratiewe en regulerende raamwerk te voorsien waarin hulle werksaam kan wees.
Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998)	<ul style="list-style-type: none"> Die doel van hierdie Wet is om slagoffers van geweld maksimum beskerming teen gesinsgeweld te bied.
Wysigingswet op die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (Wet 6 van 2012).	<ul style="list-style-type: none"> Om die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 te wysig, om spesifiek daarvoor voorsiening te maak dat die oplegging van boetes ten opsigte van sekere misdrywe wat in die Wet vervat is aan die oordeelkundigheid van die howe oorgelaat word; en om vir verwante aangeleenthede voorsiening te maak.


4.3 Beleidsmandate en beplande beleidsinisiatiewe

- **Die Wes-Kaapse Regering se Beleid oor die Befondsing van NROs vir die lewering van Maatskaplike Welsynsdienste** is gedurende 2011 deur die LUR vir Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur. Die beleid word ondersteun deur prosedureriglyne en hulpmiddele vir implementering. Dit is gedurende die finansiële jaar 2011/12 van stapel gestuur en ten volle geïmplementeer vir die oordragbefondsingsaansoek- en assesseringsproses vir 2011/12. Hierdie beleid is in ooreenstemming met die nasionale Beleid vir Finansiële Toekenning. Die befondsingsbeleid is in die laaste kwartaal van die 2012/13-finansiële jaar hersien en die nuwe beleid is vir implementering met ingang van 1 April 2013 goedgekeur.
- **Betaalde Kommunikasie in die Wes-Kaap** is 'n nuwe beleid wat deur die Provinsiale Kabinet ondersteun word en wat departemente opdrag gee om een gekonsolideerde kommunikasieplan en begroting te hê wat in oorleg met die Direktoraat vir Strategiese Kommunikasie van die Departement van die Premier ontwikkel is om samehang en ooreenstemming met die konsep van Beter Saam te verseker.
- **Groenskrif oor die Familie (2011)**. Die hoofdoel van die Groenskrif is om die welsyn van gesinne aan te moedig en om gesinne, gesinslewe en hoofstroom-gesinsklessies in regeringswye beleidsvormende inisiatiewe te bevorder en te verbeter.
- Die Konsep- **Provinsiale Kinderbeskermingstrategie** is in 2011/12 gefinaliseer en is daarop gemik om 'n behoorlik gekoördineerde en bestuurde kinderbeskermingstelsel te verseker wat behoorlik in ooreenstemming met die Kinderwet (Wet 38 van 2005) nagevors is.
- Die **Konsepbeleid oor Tydelike Veilige Sorg** is in vennootskap met sleutelbelanghebbendes in die kinderbeskermingssektor oopgestel. Dit voorsien riglyne oor die bestuur van tydelike veilige sorg.
- Die **Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011)** is deur die Uitvoerende Bestuur van die Nasionale

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur en poog om die implementering van omvattende, geïntegreerde gehalteontwikkelings- maatskaplikewelsynsdienste wat op regte gebaseer is en behoorlik nagevors is, te fasiliteer en te bestuur. Dit is in ooreenstemming met die Geïntegreerde Diensleweringmodel (GDLM) en is deur al die rolspelers wat vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste verantwoordelik is, vir implementering goedgekeur.

- Die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste het die behoefte aan die ontwikkeling van norme en standaarde vir maatskaplikewelsynsdienste beklemtoon. **Die Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011)** is gebaseer op die ontwikkelingsbenadering wat deur die DMO deur die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) aanvaar is, en poog om tot die bereiking van maatskaplike-ontwikkelingsdoelwitte deur ontwikkelings- maatskaplikewelsynsdienste by te dra. Die drie kernfokusgebiede van die generiese norme en standaarde sluit die volgende in:
 - i. **Ontwikkeling van die norme en standaarde vir die generiese intervensieproses in maatskaplike werkpraktyk.**
Die generiese norme en standaarde vir maatskaplikewelsynsdienstlewering (2011) is voltooi.
 - ii. **Opleiding en kapasiteitsbou van alle professionele persone in maatskaplike diens.**
Opleiding oor die generiese norme en standaarde, sakeprosesse en die toesighoudende raamwerk het gedurende 2012 begin. Maatskaplike werkers van die DMO is gedurende die aanvanklike fase opgelei. Opleiding sal gedurende die 2013/14-finansiële jaar na die OSW-sektor uitgebrei word en die eerste oudit van die toepassing van die generiese norme en standaarde het in Mei 2013 begin. Die Toesighoudingsraamwerk sal die voorsiening van doeltreffende en gehaltetoesig oor maatskaplikedienspraktisyns verseker om te sorg dat bevoegde professionele maatskaplike werkpraktyke in die belang van diensgebruikers in Suid-Afrika toegepas word. Die toesighoudingsraamwerk is aan die einde van November 2012 gefinaliseer en het professionele persone in maatskaplike diens in die DMO en OSW-sektor ingesluit.
 - iii. **Provinsiale gereedheidsassessering**
'n Provinsiale gereedheidsassessering is voltooi om die gereedheid van alle provinsiale departemente van maatskaplike ontwikkeling, die OSW-sektor en ander staatsdepartemente te assesser wat op die gebied van maatskaplike welsyn werksaam is om die norme en standaarde te implementeer. Die verslag sal beskikbaar gestel word en 'n implementeringsplan sal opgestel word gebaseer op die bevindings van die provinsiale gereedheidsassessering in die nuwe finansiële jaar.
- **Konsepbeleid vir Maatskaplikedienspraktisyns (2012):** Hierdie beleid is daarop gemik om die huidige Wet op Maatskaplike Diensberoepe (Wet 110 van 1978) te hersien. Die hoofdoelwitte van die beleid is om voorsiening te maak vir 'n regulerende raamwerk vir alle maatskaplikedienspraktisyns. Hierdie raamwerk sal die professionalisering van menslike hulpbronne in die maatskaplikeontwikkelingsektor bevorder.
- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe (SARMDB) het die **Konsepkode van Goeie Praktyk en Verantwoordelikhede van Werkgewers van Maatskaplikedienspraktisyns (2012)** ontwikkel. Op die oomblik hoef slegs maatskaplike werkers, student- maatskaplike werkers en maatskaplikehulpwerkers by die SARMDB onder die Professionele Raad vir Maatskaplike Werk te registreer. Die omvang van registrasie kan egter ook na ander praktisyns binne die maatskaplikediens-sektor uitgebrei word. Volgens die dokument behoort ander praktisyns ook ingesluit te word, maar dit is nie beperk tot kinder- en jeugsorgwerkers, gemeenskapsontwikkelingswerkers, jeugwerkers, kriminoloë en viktimoë nie. Hierdie beleid is aan die Professionele Raad vir Maatskaplike Werk voorgelê en is gevolg deur provinsiale beraadslagings gedurende die tweede kwartaal van die 2012/2013-finansiële jaar.
- Die **Regulasies van Proefdienste** as 'n gespesialiseerde gebied in maatskaplike werk is deur die Nasionale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur en in die Staatskoerant gepubliseer as Regulasiekoerant No. 36159, 15 Februarie 2013, Vol. 572, No. 9911.

5. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



6. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR VERSLAG DOEN

Geen openbare entiteite doen aan die Minister verslag nie.

7. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER/LUR



Mnr Albert Fritz
LUR: Maatskaplike Ontwikkeling

As die Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, het ek voortgegaan om verskeie strategiese verskuiwings te maak rakende die manier waarop ons dienste aan die mense van hierdie provinsie lewer.

As 'n departement bly ons standvastig daarop gefokus om die uitdagings van Strategiese Doelwit 8 die hoof te bied, wat op die bevordering van maatskaplike insluiting en die vermindering van armoede in die Wes-kaap gemik is. Die begrip van "maatskaplike insluiting" moet verstaan word as "insluiting" binne:

- gesinne, wat die basiese bousteen van ons samelewing is;
- burgerlike lewe; en
- staatsbestuurde stelsels van insluiting, soos VKO, skole en ander formele opvoeding.

"Insluiting" moet ook volhoubaar wees – met ander woorde, ons moet daarna streef om insluiting te bevorder wat nie onbepaald op die staat staatmaak nie, gegewe dat ons hulpbronne nie onbeperk is nie.

As die hoofdepartement vir die implementering van sleutelprioriteite onder PSD 8, het ons die klem op die volgende programmatiese gebiede geplaas:

- vroeëkindontwikkeling vir taalkundige (veral Engels as 'n 2de taal), kognitiewe en persoonlike ontwikkeling van jong kinders,
- jeugontwikkeling
- die vermindering van dwelm- en alkoholverwante skade
- ondersteuning vir kwesbare groepe.

Ons gaan voort met ons veldtog om te verseker dat alle VOK-praktisyns wat in hierdie provinsie werksaam is, geresisteer en tegemoetkomend is. Ons het egter ook die behoefte aan en waarde van verbeterde leerprogramme besef. Ons het gevolglik meer as 800 VKO-praktisyns regoor die provinsie opgelei.



Ek is vasberade dat hierdie departement alles in sy vermoë sal doen om te verseker dat die jeug van hierdie provinsie op 'n volhoubare basis by gesonde en ondersteunende maatskaplike stelsels ingesluit word. Die departement het vir die eerste keer 'n omvattende en gedetailleerde ontwikkelingstrategie wat as 'n riglyn sal dien vir al die programme wat op jong mense gemik is. Ons het ons daartoe verbind om veral daardie jong mense te bereik waarna daar in die omgangstaal as nie-in-diens, opvoeding of opleiding (NDOO) verwys word. Ons NDOO-strategie sal 'n dwarsliggende strategie wees wat daarop gemik is om te verseker dat ons die breedste spektrum van geleenthede, dienste en ondersteuning vir hierdie jong mense bied, met behulp van die UOWP, die Gemeenskapswerkeprogram, die PAY-program en ander soortgelyke inisiatiewe. Daarbenewens ondersteun ek die beroep op 'n jeugloonsubsidie wat daartoe sal lei dat baie werklose jong mense nie net ekonomies aktief word nie, maar ook in staat sal wees om tot die sorg en ondersteuning van hulle families by te dra. Met behulp van ons jeugontwikkelingsprogram by die Chrysalis Akademie word gegraduateerde voortdurend in internskappe en voltydse werk geplaas.

Ons fondstoewysing om skadelike dwelm- en alkoholgebruik die hoof te bied het oor die afgelope vier jaar verdubbel. Nuwe ontwikkelings en wetenskaplike navorsing dien ook as riglyne vir ons planne om dienste na daardie gemeenskappe uit te brei wat dit die meeste nodig het. Ons sal voortgaan om in relevante programme te belê deur bewysgebaseerde wetenskaplike benaderings te gebruik om dwelm- en alkoholverwante skade te verminder.

Ons verbintenis tot voedselsekerheid vir kwesbare groepe bly 'n prioriteit met doelgerigte intervensie. Ons gaan voort om regoor die provinsie maaltye te verskaf by VKO, MGO-sentrums en diensentrums vir bejaardes. Ons is besig om soveel meer mense meer gereeld te voed bloot deur seker te maak dat ons hulpbronne diegene bereik wat dit die meeste nodig het.

Die Wes-Kaapse Regering sal voortgaan om geleenthede vir die mense van hierdie provinsie uit te brei. Hulle het dan weer die verantwoordelikheid om van daardie geleenthede gebruik te maak en om verantwoordelikheid vir hulle lewens te aanvaar. Op hierdie manier sal ons saam die lewe beter maak.

Mnr Albert Fritz

Minister/LUR van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

30 August 2013



8. VERKLARING DEUR DIE ADJUNKMINISTER

Nie van toepassing nie

9. OORSIG VAN DIE REKENPLIGTE BEAMPTTE



Dr Robert Macdonald
Departementshoof (Waarnemend)

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het gedurende die 2012/2013-finansiële jaar die ooreenstemming van sy prioriteite met die Provinsiale Strategiese Doelwit 8 (PSD8) gekonsolideer, met verhoogde befondsingstoewysings aan dienslewering in die prioriteitsgebiede van, onder andere, vroeëkindontwikkeling (VKO), gestremdhede, middelmisbruikdienste en jeugontwikkeling. Hierdie verhoogde toewysing van hulpbronne aan maatskaplike dienste is moontlik gemaak deur besparings wat deur die departement gemaak is deur besteding in die gebiede van goedere en dienste en vergoeding van werknemers te verminder. Hierdie besparings is aan die departementele oordragbefondsingsbegroting toegewys om die bereikbaarheid en kapasiteit van organisasies sonder winsoogmerk (OSW) wat dienste aan die publiek lewer, uit te brei. Hierdie strategie het tot 'n uiters produktiewe gebruik van staatshulpbronne gelei en die departement sal in die jaar wat voorlê voortgaan om die beskikbaarheid van fondse vir welsyns- en gemeenskapsontwikkelingsdienste wat deur die OSW-sektor gelewer word, te verhoog. Soos in die vorige finansiële jaar, sal die fokus van hierdie besteding op die prioriteite bly wat onder PSD8 geïdentifiseer is en om te voldoen aan die departement se toenemende statutêre verpligtinge wat voortspruit uit die afkondiging en implementering van, onder andere, die Wet op die Voorkoming en Behandeling vir Middelmisbruik, die Kinderwet, die Wet op Geregtheid vir Kinders en die Wet op Ouer Persone.

Hierdie Jaarverslag lys die belangrikste hoogtepunte van dienslewering vir die finansiële jaar onder beskouing. Dit sluit die voltooiing van opleiding vir 862 VKO-praktisyns in, wat in die OSW-sektor werk met die fokus op die nasionale kurrikulum vir VKO en ander regulerende vereistes; die bekendstelling van voedingsprogramme aan 72 na-skool Massadeelname, Geleentheid en Toegang; Ontwikkelings- en Groeisentrumprogramme (MGO) in benadeelde gemeenskappe, en die uitbreiding van dwelmbehandeling en intervensiedienste na 24 terreine regoor die provinsie. Wat organisatoriese ontwikkeling betref, het die departement 'n fasiliteitstrategie gefinaliseer en begin om dit te implementeer om sy residensiële dienste te optimaliseer, en die implementering van 'n nuwe gemoderniseerde personeelstruktuur in vier van sy vyf hoofdirektorate voltooi. Die oorblywende hoofdirektoraat (van die Hoof- Finansiële Beampte) is nou goedgekeur en gereed vir implementering in die jaar wat voorlê. Die departement het tot dusver sy voormalige 16 distrikskantore met ses streekskantore en 36 plaaslike kantore vervang wat maatskaplikewerk-dienste nader bring aan die gemeenskappe wat ons dien. Dit het belegging in infrastruktuur en menslike hulpbronne vereis, insluitend die aanstelling van nuwe professionele persone in maatskaplike werk en die bekendstelling van 'n klantesorgkomponent. Die sleutelgapings en -uitdagings wat in die organisatoriese struktuur oorbly sal in die jaar wat voorlê aandag geniet, en 'n verdere 100 befondsde personeelvakatures sal gevul word.

Die veranderinge wat in die departement plaasgevind het, was nie sonder uitdagings nie. Veral die groot menslikehulpbron-taak om personeel binne die departement se nuwe struktuur in te pas en te plaas en die verfyning van die nuwe struktuur self, het harde en soms frustrerende werk vir die departement se bestuurspan en personeel beteken. Hoewel die agterstand van uitstaande menslikehulpbron-aangeleenthede in die laaste kwartaal van 2012/2013 aansienlik verminder het, bly daar in die nuwe finansiële jaar baie werk oor om gedoen te word.

'n Verdere uitdaging wat die departement reeds vir etlike jare in die gesig staar, is die bestuur, bevestiging en ouditering van nie-finansiële data (NFD) wat met maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkelingsdienste verband hou. Hierdie dienste is dikwels inherent moeilik om te meet en te monitor, beide met betrekking tot uitsette en uitkomst. Gedurende die jaar onder beskouing is die departement se besteding deur sowat 130 programprestasie-aanwysers gemeet waarvan die meeste deur die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en Nasionale Tesourie bepaal is. In die geval van oordragbefondsing aan OSW was data om die verslagdoening oor uitgawe teen hierdie metings van vooraf bepaalde doelwitte nie altyd maklik om te verifieer nie, veral waar OSW uitdagings met boekhouding of basiese administrasie ondervind het. Die departement het vanjaar 'n nuwe intensiewe proses met die Ouditeur-Generaal begin ten einde te probeer om hierdie swakhede in nie-finansiële data reg te stel, maar baie aanwysers bly onverifieerbaar. Op 'n positiewe noot, is die prestasie-metings van vooraf bepaalde doelwitte vir die 2013/2014-finansiële jaar deur die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in oorleg met die Tesourie verfyn en tot 70 verminder. Ons hoop dat hierdie verbetering, tesame met nuwe en meer spesifieke kontraktuele en verslagdoeningshulpmiddels wat deur die departement bekendgestel is, asook duideliker verslagdoeningslyne vir moniteringsdoeleindes wat by die hersiene organisasie-ontwerp vir die departement ingesluit is, ons prestasie in NFD in die 2013/2014-ouditproses sal verbeter.


Ek wil graag al ons personeel namens die senior bestuur van die departement bedank, veral diegene wat daadwerklik by dienslewering betrokke is, vir hulle voortgesette toewyding om die publiek te dien, en vir hulle geduld gedurende hierdie moeilike tyd van organisatoriese transformasie. Ek wil ook al die OSW-venote bedank vir die gehaltesdienste wat hulle namens die departement aan die publiek gelewer het, veral in 'n baie moeilike ekonomiese omgewing waar daar beide 'n verhoogde vraag na maatskaplike dienste en armoedeverligting was, en 'n verminderende vloei van korporatiewe maatskaplike belegging van die privaat sektor.



Dr Robert Macdonald

ACTING: HEAD OF DEPARTMENT

30 August 2013



Deel B: PRESTASIE-INLIGTING





DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

1. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR PRESTASIE-INLIGTING

Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die departement se prestasie-inligting en vir die uitsprake wat in hierdie inligting gemaak word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering te voorsien met betrekking tot die integriteit en betroubaarheid van prestasie-inligting.

Volgens my mening, weerspieël die prestasie-inligting redelikerwyse die prestasie-inligting van die departement vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2013.



Dr Robert Macdonald

Head of Department (Acting)

30 August 2013

2. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR GENERAAL: VOORAF BEPAALDE DOELWITTE

Verwys na bladsy 145 van die Engelse Jaarverslag vir die Verslag van die Ouditeur-Generaal.

3. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

3.1. Diensleweringomgewing

Daar is baie faktore wat 'n rol gespeel het in die omgewing waarin die DMO gedurende die 2012/13-finansiële jaar sy kerndienste gelewer het. Die grootte van die provinsie se bevolking is steeds besig om te groei, wat druk op beskikbare dienste en hulpbronne plaas. Volgens die 2011-sensus, het die Wes-Kaap 'n bevolking van 5 822 734 mense gehad wat in 1 634 000 huishoudings geleef het. Dit is 'n groei van 29% sedert 2001. Die midjaar-bevolkingsberaming vir 2013 gepubliseer deur Statistiek SA pen die Wes-Kaapse bevolking vas op 6 016 926 persone. Armoedevlakke is nog steeds hoog en die amptelike werkloosheidskoers in die eerste kwartaal van 2013 was 23,3%.

'n Groot probleem met die lewering van dienste aan die armes en kwesbare persone is die onbestendige finansiële situasie waarin baie OSW in die maatskaplike welsyns- en ontwikkelingsektor hulle bevind as gevolg van die verergerende wêreldwye ekonomiese krisis en die gepaardgaande gevolglike afname in skenkersbefondsing van sowel nasionale asook internasionale bronne. Hierdie situasie word verder vererger deur nasionale deregistrasie – hoewel tydelik – van OSW. Die DMO se reaksie was om 'n addisionele R20m beskikbaar te stel aan OSW wat in 'n finansiële krisis verkeer het en gebaseer op sy voortdurende monitering van die registrasiestatus van OSW, om deur middel van spesiale voorlegging, OSW-voldoening aan die registrasiekriterium te bewys asook om ondersteuning te bied deur sy OSW-hulpkantoor om sodoende met betalings en dienslewering voort te gaan.

Ten spyte van die maatskaplike, omgewings- en konteksgebonde faktore, gaan die DMO voort om dienste aan individue, gesinne en gemeenskappe te lewer om meer selfversorgend te word volgens sy wetgewende en ander mandate.

Middelmisbruikendense in die provinsie bly kommerwekkend as gevolg van die negatiewe maatskaplike uitwerking van hierdie verskynsel en die verwante skakel met ander maatskaplike risikofaktore soos misdaad en geweld. In reaksie kan die PSD 8 Middelmisbruik-werkgroep wat deur die DMO gelei word, verslag doen dat daar op die volgende gefokus gaan word:

- Opvoeding en bewustheid van dwelm- en alkoholverwante skade;
- Vroeë intervensiedienste;
- Behandelingsdienste;
- Herintegrasie- en nasorgdienste;
- Voorsiening van inligting oor dienste wat aan die publiek beskikbaar is; en
- Voorraadvermindering.

Die Wes-Kaapse Middelmisbruik-forum is werksaam en sluit belanghebbendes van die provinsiale en plaaslike regering in asook 'n verteenwoordiger van die OSW forum vir direkteure. Oor die afgelope twee jaar het nagraadse kursusse by die Universiteit van Kaapstad (UK) en die Universiteit Stellenbosch, en die voorgraadse kursus by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), 25 ongegradueerdes en 42 nagraadse studente opgelewer. Dit het die gespesialiseerde kennisbasis wat nodig is om die kompleksiteit van middelmisbruik te hoof te bied, aansienlik verbeter.

Volgens die Sensus 2011, is ongeveer 520 784 persone in die Wes-Kaap ouer as 60 jaar en maak hulle ongeveer 9% van die provinsie se bevolking uit. Die proporsie van ouer persone is vinnig besig om toe te neem en ten einde aan sy statutêre en beleidsmandate te voldoen ten opsigte van die bemagtiging en beskerming van ouer persone, het die departement verskeie gepaste response ontwikkel om lewensduur te verhoog. Met die oog hierop, is oefeningprogramme geïmplementeer waarby 17 208 ouer persone betrokke is en befondsing aan ouetehuse, dienssentrums en onafhanklike en hulplewensfasiliteite is verhoog.

Die Wes-Kaapprovinsie word gekenmerk deur hoë vlakke van gewelddadige misdaad wat met maatskaplike en ekonomiese faktore asook jeugrisikogedrag verband hou (Soreaso, 2012). In die 2011/12-finansiële jaar, het die Wes-Kaap die hoogste ernstige misdaadsyfer gehad, gevolg deur Gauteng en die tweede hoogste voorkoms van gerapporteerde seksuele misdrywe. Dit was die geval sedert 2008/2009 en dwelmverwante misdade in die Wes-Kaap was die hoogste in vergelyking met die res van die land. Die dienste aan slagoffers

van misdaad en geweld is verbeter deur die eenheidskostebefondsing vir skuilings te verhoog, norme en standaarde vir fasiliteite te ontwikkel en deur 'n terapeutiese program vir gevonnise kinders met ernstige gedragsprobleme van stapel te stuur.

Ongeveer 244 000 ongeskikte persone of 5% van die totale bevolking woon die Wes-Kaap. Volgens die 2007 Gemeenskapsopname, is fisiese ongeskiktheid die mees algemene tipe (41%) van gestremdhede in die provinsie. As gevolg van hulle kwesbaarheid, nadeel en uitsluiting van die hoofstroom, benodig hierdie groep toegewyde ondersteuning. Dienslewering aan kinders met gestremdhede en die las op hulle versorgers¹ is baie kommerwekkend. 'n PSD8 Ongeskiktheidswerkgroep is gestig met die volgende doelwitte: toegang tot opvoeding; skepping van werksgeleenthede en toegang tot hulptoestelle. Die volgende vordering is gemaak:

- Assessering van alle bestaande nasionale en provinsiale ongeskiktheidstrategieë en -beleide.
- Werkwinkels met staatsdepartement in die ongeskiktheidsektor.
- Besig met die ontwikkeling van 'n beleidsraamwerk vir persone met ongeskikthede.
- Loodsing van 'n proefprojek deur die Premier van die Wes-Kaap oor die identifisering van kinders met gestremdhede en jeug wat die risiko loop in Mfuleni en Vredenburg.

Volgens die 2011-sensus is die provinsie die tuiste van 1 838 294 kinders onder die ouderdom van 18 jaar in die Wes-Kaap. Hongersnood onder kinders bly kommerwekkend aangesien die Algemene Huishoudelike Opname vir 2010 aangedui het dat 15,9% van kinders (279 000 kinders) in die provinsie in huishoudings woon waar kinders honger ly. Daarbenewens het die opname getoon dat 22,4% (396 000 kinders) in informele behuising woon en 25,5% (452 000 kinders) in oorbewoonde huishoudings. Kinders in die provinsie staar ook 'n hoë risiko van mishandeling en verwaarloosing in die gesig as gevolg van maatskaplike patologie soos middelmisbruik, bendewese, swak ouerskap, gesinsgeweld en blootstelling aan gewelddadige misdaad. Die Kinder- en Gesinsprogram het op die volgende intervensies gefokus in reaksie op die behoeftes van die gemeenskap:

- die beleidsriglyne vir tydelike veilige sorg is voltooi;
- die provinsiale kinderbeskermingstrategie is voltooi;
- 'n provinsiale strategie om die pleegsorgagterstand te bestuur is ontwikkel en geïmplementeer; en
- die VKO-strategie is deur die Provinsiale Kabinet goedgekeur.

Die VKO-program het die volgende bereik:

- 176 nuwe VKO-sentrums is in die jaar onder hersiening geregistreer;
- 15 VKO-programme is geregistreer in ooreenstemming met die Kinderwet en 862 personeel is opgelei om die geregistreerde programme te implementeer;
- 120 VKO- opvoedkundige speelgoedsakkies is aangekoop vir verspreiding na die terreine waar die geregistreerde programme in werking gestel word; en
- befondsing is belê om voldoening aan norme en standaarde by 285 VKO-terreine te verbeter om hulle in staat te stel om te registreer en toegang tot fondse te verkry.

Die Wes-Kaap het 'n geraamde 2,3 miljoen jong mense wat ongeveer 40% van die bevolking van die provinsie uitmaak. In 2011, was die swak werkloosheidskoers onder die jeug in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar 46,2% en 25% in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar. Die opvoedkundige uitkomst van jeug is 'n bron van kommer as gevolg van die hoërskool-opkopkoers en die verwante afname in die aantal jeugdige in die ouderdomsgroep 15 tot 18 jaar² wat skool bywoon. Deel van die respons hierop was die stigting van die PSD8 jeugontwikkelingswerkgroep, die opstel van 'n jeugontwikkelingstrategie en die voortsetting van aktiwiteite by 181 MGO-sentrums gedurende die 2012/13-finansiële jaar.

3.2. Diensleweringverbeteringsplan

Sien asseblief Bylae A.

¹ Solomons, F. en Molefi, S. (2012). *Child disability in the Western Cape: 'n Studie oor die behoeftes en ondervindings van kinders met gestremdhede en hulle versorgers, asook die gapings in dienslewering in Vredendal, Beaufort-Wes, Bellville en Gugulethu.*

² Soreaso (2012). *A Social and Demographic Trends Analysis of the Western Cape: 2011/12. Finale konsepverslag vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.*

3.3. Organisasoriese omgewing

Die DMO se moderniseringsprogram wat in 2010 van stapel gestuur is, het gefokus op die vereenvoudiging van departementele werksaamhede om doeltreffendheid en doelgerigtheid in dienslewering te verseker. Die moderniseringskonsep het 'n organisatoriese struktuur geskep wat 16 distrikskantore vervang het met ses streekskantore en 45 plaaslike kantore en wat tesame met die personeelpassings- en plasingprosesse ontwerp is om dienste nader aan gemeenskappe te bring. Ten spyte van die skepping van 36 uit die 45 plaaslike kantore – waarvan twee gedurende die 2012/13 finansiële jaar geopen het – bly die gebrek aan geskikte geboue in staatsbesit wat as plaaslike kantore gebruik kan word 'n groot uitdaging. In die stedelike konteks, het die herplasing van die plaaslike kantoor in Athlone heelwat bygedra om dienslewering in die Metro suid-streek te verbeter. In die buitestedelike en lande gebiede, het die opening van plaaslike kantore in Malmesbury en Prins Albert toegang aan die Weskus verbeter. Soortgelyke uitdagings rakende diensleweringstoegang het aandag geniet deur die opening van twee dienspunte. Die hersamestelling van die plaaslike kantoor in Knysna en die Thusong-sentrum in Mosselbaai sal gereed wees vir besetting in die nuwe finansiële jaar en help met die verligting van die DMO se uitdagings met betrekking tot huisvesting.

Herstrukturering en modernisering van die Hoof- Finansiële Beampte se organisatoriese struktuur is tans aan die gang aangesien dit nie in die eerste herstruktureringproses ingesluit was nie en sal in die 2013/14-finansiële jaar geïmplementeer word.

Die modernisering van die DMO se tegnologiese omgewing is stukrag verleen deur 'n vierjaar-opknappingsprojek in Inligtingstegnologie om al die IT-toerusting in die departement te vervang. Oor die afgelope vier jaar is vier streke voltooi en in die 2012/13-finansiële jaar is die oorblywende twee, Metro-suid en Eden Karoo voltooi. Die departement se hoofkantoor en fasiliteite kom in die komende finansiële jaar (2013/14) aan die beurt. Vanaf 2014/15 beplan die departement om weer met die siklus te begin sodat die hele departement in 'n verdere siklus van vier jaar opgeknop sal word. Dit het ook tot 'n groei in die gebruik van ITC gelei en 'n sistematiese opgradering van die departement se bandwydte. Kantore en fasiliteite wat nie opgradeer is nie sal hierdie proses oor die volgende 18 maande ondergaan. Daarbenewens word die kantore in die Metro met die Stad se veseloptika-netwerk verbind.

Die departement het in April 2012 die Korporatiewe Bestuursorsig en Vooruitsig (KBOV) geïmplementeer en streef om met behulp daarvan hoër vlakke van bestuursvolwassenheid op die medium of lang termyn te bereik. Die vorige Finansiële Bestuursorsig en Vooruitsig (FBOV) en die Finansiële Bestuursverbeteringsplan- (FBVP) proses is in 'n Bestuursaksieplan (BAP) saamgesmelt wat deur Rekeningkundige Beamptes voorgestaan word. Dit is met drie planne in ooreenstemming gebring: die Finansiële Bekwaamheidsmodel; die Finansiële Bestuursverbeteringsplan en die Finansiële Oorsigvooruitsig. Sy doelwitte is om bevindings van die vorige jaar te monitor, goeie bestuur te verbeter, rekenpligtige praktyke en om beste praktyk te bevorder.

Die 2012/2013-finansiële jaar het verskeie veranderinge en ontwikkelinge in die voorraadkanaal-bestuursomgewing (VKB) op nasionale en provinsiale regeringsvlak uitgelig. Die Subdirektoraat vir Voorraadkettingbestuur se doelwit om 'n beste praktyk-eenheid te wees word getoon deur die hoë standaard en omvangrykheid van sy beleide, prosesse en prosedures wat ten opsigte van deeglikheid en ooreenstemming met die regulerende omgewing genormeer kan word. Die VKB-funksies is geïnstitusioneel volgens provinsiale standaardiseringsvereistes om nominale voldoening aan enige voorgeskrewe standaarde te verseker en nuwe ontwikkelinge doeltreffend te implementeer om sodoende voldoende beheermaatreëls te bewerkstellig en om die ideale van goeie bestuur te verwesenlik. Goeie bestuur is die kern van suksesvolle organisasies en daarom het die subdirektoraat 'n proses begin om 'n kultuur van voortdurende verbetering te ontwikkel en goeie praktyk met die Provinsie te deel (Verw. VKB-fokusgroep).

Met betrekking tot die bestuur van prestasie-inligting, veral om die betroubaarheid en geldigheid van nie-finansiële data te verseker, is die programprestasie-aanwysers vir 2013/2014 verminder en verfynd om hulle meetbaarheid te verseker. Die inligtingsversamelings- en vergelykingsnawe vir streeksprestasie is vervang met diensleweringprogramme vir maatskaplike welsyn en gemeenskapsontwikkeling met moniterings- en evalueringpersoneel. Dit verseker op 'n doeltreffende manier dat beheer en verantwoordelikheid vir prestasie-inligting en die doeltreffende benutting daarvan by die begrotinghouers berus. 'n Raamwerk is ontwikkel vir die bestuur van prestasie-inligting wat 'n standaardbedryfsprosedure vir die versameling, verifikasie en veilige bewaring van die genoemde data insluit. Dit word tans hersien om die institusionele reëlings wat deur die departement ingestel word in aanmerking te neem. Die dagboekstelsel vir maatskaplike werkers is opnuut bekendgestel om op die hoogte te bly van maatskaplikewerk-gevallelaste en daar word tans gewerk aan 'n standaardbedryfsprosedure-handleiding vir maatskaplikewelsyn-dienslewering op 'n plaaslike vlak wat die versameling van data sal verbeter en in ooreenstemming sal wees met die generiese sakeprosesse van die

nasionale norme- en standaardeprogram (opnamevorms, moniteringsvorms, prosesnotas, vorderingsnotas, verwysingsvorms, ensovoorts).

Dar word in die vooruitsig gestel dat die gevolglike aksies die gaping tussen die huidige en die gewenste toestand met verloop van tyd sal sluit, om voort te bou op huidige prestasies, inisiatiewe en fundamente wat reeds in die departement gelê is, en om ten slotte Provinsiale Strategiese Doelwit No. 12 te bereik om die streeksregering in die wêreld te wees wat die beste bestuur word.

4. SLEUTELBELEIDSONTWIKKELINGE EN WETGEWENDE VERANDERINGE

Verwys asseblief na: Punt 4.3: Deel A: Beleidsmandate en beplande beleidsinisiatiewe.

5. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE

Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 1	Verbeter bestuur en modernisering van dienslewering
Doelstelling	Verbetering van bestuur en sektorprestasie deur doeltreffende en doelgerigte sakeprosesse, modernisering van diensleweringstelsels en -strukture, navorsing, beplanning, inligting en prestasiebestuur.
Regverdiging	Om die integriteit van sakeprosesse te verbeter, insluitend monitering en verslagdoening deur deursigtige en inklusiewe besluitneming en doeltreffende implementering. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese strukture sal doeltreffend en doelgerig gemaak word ten einde dienslewering aan almal in die provinsie te verbeter.
Skakels	Hierdie doelwit skakel met PSD12: "Om die streeksregering te bou wat die beste in die wêreld bestuur word". Dit skakel ook met Nasionale Uitkomst 12: "'n Doeltreffende, doelgerigte en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, regverdige en inklusiewe burgerskap".
Die topbestuur van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dien terselfdertyd as die Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBKOM), en lede is amptelik as sodanig aangestel. Die ORBKOM het gedurende die jaar onder beskouing op 'n kwartaallikse basis vergader om die risikoprofiel en risikobehandlings van die departement te monitor. Risiko-assesserings word op 'n strategiese en programvlak op 'n kwartaallikse basis onderneem om bestaande risiko's by te werk en opkomende risiko's te identifiseer. Belangrike risiko's wat vir doelwitte relevant is, word met betrekking tot die waarskynlikheid en impak daarvan geassesseer, risikohanteringsplanne word ontwikkel en risiko-eienaars word aangewys wat vir die hantering van risiko's verantwoordelik is.

Die D: ORB werk verder nou saam met die aangestelde risikovoortander wat behulpsaam is met die aabndrywing van die ORB-proese in die departement.

3. BEDROG EN KORRUPTIE

Die Wes-Kaapse regering het 'n Antikorruptiestrategie aanvaar wat die provinsie se nulverdraagsaamheidstandpunt teenoor bedrog en korrupsie bevestig. Die departement beskik verder ook 'n goedgekeurde Bedrogvoorkomingsplan.

Forensiese ondersoek word steeds deur die gedeelde Forensiese Ondersoekeenheid onderneem wat by die Korporatiewe Diensentrum in die Departement van die Premier gekorporatiseer is. Daar is verskeie kanale vir die rapportering van beweerde bedrog en korrupsie en hulle word in besonderhede in die Antikorruptiestrategie en die departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke aantyging wat deur die Forensiese Ondersoekeenheid ontvang word, word in a gevallestuurstelsel opgeteken wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om oor die vordering van gevalle met betrekking tot die departement verslag te doen.

Ons beskerm werknemers wat vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal onthul indien die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. nie kwaadwillig nie). Die gellentheid om anoniem te bly word vir enige persoon gegee wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil rapporteer en indien hulle dit persoonlik doen, sal hulle identiteite as vertroulik beskou word deur die persoon aan wie hulle dit rapporteer.

Wanneer bedrog of korrupsie bevestig word na die voltooiing van 'n ondersoek, sal die betrokke werknemer wat hierdie dade gepleeg het aan 'n tugsak onderwerp word. Waar prima facie bewyse van kriminele gedrag opgemerk word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aanhangig gemaak. 'n Bedrog- en korrupsieassessering is gedurende die jaar onder beskouing onderneem.

4. MINIMALISERING VAN BELANGEBOTSING

Departementele beamptes wat op die departement se Bodbeoordelingskomitee dien word vereis om 'n verklaring van belange te onderteken. Senior bestuurspersoneel asook voorraadkanaal-bestuursbeamptes moet jaarlikse verklarings van finansiële belange onderteken. Die DMO het 100% nakoming teen 30 April jaarliks bereik. Verwys asseblief na die inligting in punt hieronder.

5. GEDRAGSKODE

- Alle personeel het 'n afskrif van die "Verduidelikende Handleiding oor die Gedragskode vir die Staatsdiens" ontvang.
- Alle personeel word deur omsendbriewe en departementele kennisgewings wat op prominente plekke in die departement en sy streeks- en plaaslike kantore vertoon word, ingelig oor die regulasies ten opsigte van werk vir vergoeding buite die staatsdiens. (WVBS)
- Instruksies van die departementshoof rakende die gedragskode is uitgereik, soos belangebotsing (veral in verband met personeel wat op die direksie van OSW dien en die gedragskode).
- Alle nuwe werknemers is aan die Induksiehandleiding vir die Staatsdiens bekendgestel wat 'n module oor die gedragskode bevat.

6. GESONDHEIDSVEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES

Beroepsgesondheids- en Veiligheidskomitees is in alle streke asook by die hoofkantoor gestig. Mnr M Hewu is die 16.2 aangestelde persoon vir die departement. Alle streke asook die hoofkantoor het opgeleide brand/vloerbeamptes, eerstehulpmanne/vroue en noodkontroleerders. Twee ontruimingsoefeninge is gedurende die jaar by die hoofkantoor asook by sommige plaaslike kantore onderneem. Die rapportering van beserings aan diens is 'n bekommernis vir beamptes omdat onsekerheid bestaan oor die korrekte prosedure rakende rapportering asook die eisproses. Gedurende die bewustheidsessies is alle streekskantore ingelig oor watter proses gevolg moet word en watter vorms ingevul moet word, asook die tydsraamwerke om te rapporteer en eise in te dien.

7. INTERNE BEHEERENHEID

Die eenheid se fokus vir die jaar onder bespreking was hoofsaaklik op die gebiede van goeie bestuur, versekeringsdienste en verliesbeheerbestuur.

Versekeringsdienste

- 2 inspeksies is by die hoofkantoor en die ses streekskantore van die departement uitgevoer op die gebiede van finansiële bestuur, voorraadketting en menslike hulpbronne. Verslae is oor die bevindings uitgereik ten opsigte van nienakoming. Die bevindings is gedurende die laaste deel van die finansiële jaar opgevolg en afgehandel.
- Verbeterings ten opsigte van finansiële (BRS), verkrygings- (LOGIS) en menslikehulpbron- (PERSAL) stelselontledings is gemaak wat gelei het tot die tydigse identifisering van, onder andere, betalings wat binne 30 dae gemaak is, en toegang en gebruik van die stelsels.
- Alle verwerkte finansiële adviese (± 22 000) is na die tyd geouditeer om te verseker dat geen onreëlmatige, verkwistende en vrugtelose uitgawes bestaan nie. Geen vrugtelose, verkwistende, ongemagtigde of onreëlmatige betalings is vir hierdie finansiële jaar gerapporteer nie.

Goeie bestuur

- Die departement het 'n Korporatiewe Bestuursoorsig- en Vooruitsig- (KBOV) proses geïmplementeer, waar die finansiële en nie-finansiële bevindings opgeteken en gemoniteer is en kwartaalliks daarvoor aan die Ouditkomitee en Provinsiale Tesourie verslag gedoen is.




8. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Hierdie verslag is beskikbaar op [bladsy 67](#) in die Engelse weergawe van hierdie jaarverslag.







Deel D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR





DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR

1. WETGEWING WAT MENSLIKEHULPBRONBESTUUR REGULEER

Die inligting wat in hierde deel voorsien word, word voorgeskryf deur die Staatsdiensregulasies (Hoofstuk 1, Deel III J.3 en J.4).

Benewens die Staatsdiensregulasies, 2001 (soos gewysig op 30 Julie 2012), word Menslikehulpbronbestuur in die staatsdiens deur die volgende voorskrifte gerig:

- **Staatsdienswet 1994, soos gewysig deur Wet 30 van 2007,**

Om voorsiening te maak vir die organisering en administrasie van die staatsdiens van die Republiek van Suid-Afrika, die regulering van die voorwaardes van indiensneming, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en aangeleenthede wat daarmee verband hou.

- **Wet op Arbeidsbetrokkinge (Wet 66 van 1995)**

Om die werkgewer te reguleer en leiding te gee om sy rol om arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek teweeg te bring, te besef en te vervul.

- **Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997)**

Om uitvoering te gee aan die reg tot billike arbeidspraktyke waarna daar in artikel 23 (1) van die Grondwet verwys word deur die basiese diensvoorwaardes daar te stel en voorsiening te maak vir die regulering daarvan en sodoende te voldoen aan die verpligtinge van die Republiek as 'n lidstaat van die Internasionale Arbeidsorganisasie, en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.

- **Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998)**

Om 'n institusionele raamwerk te ontwerp en nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te implementeer om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter; om daardie strategieë binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beoog in die Wet op die Nasionale Kwalifikasie-owerheid, 1995, te integreer; om voorsiening te maak vir leerderskappe wat tot erkende beroepskwalifikasies lei; om voorsiening te maak vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur middel van 'n heffingstoelae-skema en 'n Nasionale Vaardighedsfonds; om voorsiening te maak vir indiensnemingsdienste en dit te reguleer; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.

- **Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Wet 85 van 1993)**

Om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van masjinerie en toerusting; die beskerming van persone behalwe persone by die werk teen gesondheids- en veiligheidsgevaare wat voorspruit uit of verband hou met die aktiwiteite van persone by die werk; om 'n adviesraad vir beroepsgesondheid en -veiligheid te stig; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.

- **Diensbillikheidswet (Wet 55 van 1998)**

Om gelykheid in die werksomgewing te bevorder, onbillike diskriminering uit te roei en die implementering van diensbillikheidsmaatreëls te verseker om die uitwerking van diskriminering reg te stel; om 'n diverse en doeltreffende werksmag te skep wat breed verteenwoordigend is van die demografie van die provinsie.

- **Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999)**

Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reguleer; om te verseker dat alle inkomste, uitgawe, bates en laste van daardie regerings doeltreffend en doelgerig bestuur word; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou is; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.



- **Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffing (Wet 9 van 1999)**

Om aan enige staatsdienswerkgever in die nasionale of provinsiale sfeer van die regering vrystelling te verleen van die betaling van 'n vaardigheidsontwikkelingsheffing; en vir vrystelling van aangeleenthede wat daarmee verband hou.

- **Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)**

Om uitvoering te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat in die staat se besit is en enige inligting wat in die besit van 'n ander persoon is en wat vereis word vir die uitoefening of beskerming van enige regte; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.

- **Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid (Wet 3 van 2000)**

Om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en die reg op skriftelike redes vir administratiewe optrede soos beoog in artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.



2. INLEIDING

Die waarde van mensekapitaal in die departement

Ons mense is die belangrikste bydraers tot die prestasies van die departement en van die suksesse van die Wes-Kaapse Regering. Voortreflike diens is afhanklik van die welsyn van ons organisasie en sy mense, gevolglik:

- waardeer ons mense wat met integriteit optree, en betrokke mense wat omgee, bekwaam, aanspreeklik en reagerend is;
- beskou ons mensebestuur as die verantwoordelikheid van almal;
- grond ons die bestuur van ons mense in die beginsels van waardigheid, respek, deursigtigheid en gelykheid;
- groei, ontwikkel en bemagtig ons ons mense om hulle volle potensiaal te bereik en te gebruik;
- aanvaar ons diversiteit en het 'n diep respek vir mekaar se kultuur, individualiteit, taal, waardes en gelowe.

Oorsig van menslikehulpbron-aangeleenthede

Mense is 'n sleutelement wat ingespan word om die strategiese doelwitte van die departement te bereik. Menslikehulpbron-beplanning is daarop gemik om te verseker dat die departement die regte mense het, met die regte vaardighede, op die regte plek en die regte tyd, die hele tyd.

Dit is in hierdie konteks dat die departement se strategiese menslikehulpbron-plan ontwikkel is en vir die tydperk 1 April 2012 tot 31 Maart 2017 geïmplementeer word. Die MH-plan is hersien om vas te stel of die menslikehulpbron- strategiese doelwitte nog geldig was en of dit aan die menslikehulpbron-prioriteite van die departement aandag gegee het. Tweejaarlikse vorderingsverslae het die implementering van die sleutelaktiwiteite wat in die MH-plan vervat is, gemoniteer en is soos voorgeskryf aan die DSDA voorgelê.

Die departement het deur middel van arbeidsmagbeplanning die huidige en toekomstige menslikehulpbron-behoefte van die departement geïdentifiseer en het die potensiele uitdagings wat die prestasie van die departement se strategiese doelwitte kon beïnvloed, vir aandag gemerk.

Sonder gekwalifiseerde, professionele mense kan die departement nie 'n optimum diens lewer nie en sonder 'n voldoende begroting kan die departement nie mense wat vir optimum dienslewering nodig is, werf, ontwikkel of behou nie.

Die uitdagings wat die departement die hoof moet bied is geïdentifiseer. Hierdie uitdagings het aandag geniet deur geïdentifiseerde MB-prioriteite en is ingelyf by die aksieplan wat die vulling van kritieke poste en poste met skaars vaardighede insluit. Daar word verwag dat die bestuurders en die korporatiewe dienssentrum gesamentlik verantwoordelikheid vir die uitvoering van die aksieplanne sal aanvaar en eienaarskap vir die bereiking van die nodige uitkomst sal neem.

Prestasiebestuursraamwerk vir werknemers

Een van die hoekstene van die prestasiebestuurstelsel vir personeel is die basiese vereiste dat alle werknemers verplig is om te doen wat van hulle verwag word. Hierdie verwagtings en die vereiste prestasiestandaarde word gekonkretiseer deur middel van posbeskrywings, prestasie-ooreenkomste, sakeplanne en/of diensvlak-ooreenkomste. Belonings en aansporings word dus slegs toegestaan vir werk wat kwalitatief en kwantitatief enige werk oortref wat die betaling verdien. Werknemers wat vir prestasiebonusse genomineer word, word deur modereringspanele geassesseer wat dan die bewys van voortreflike prestasie ondersoek. Aan die ander kant, word personeel wat onderpresteer versoek om die aksies te voltooi wat in 'n Prestasiebestuursplan as voorwaarde gestel word. Dit word noukeurig gemoniteer om absolute nakoming van aanvaarbare prestasiestandaarde te verseker. Hierdie stelsel verteenwoordig 'n meer gelyke, billike en oop proses. Daarbenewens bied dit die raamwerk waarbinne beide die werkgewer en die werknemer in dieselfde mate hulle doelwitte en doelstellings kan bereik.

Werknemerwelsyn

Om 'n kultuur van welsyn in die departement te ontwikkel is van strategiese belang om te verseker dat werknemers optimum prestasievlakke bereik terwyl hulle voel dat hulle in die werksverband ondersteun word en dat daar vir hulle omgee word. Die WKR se transversale Werknemersgesondheids- en Welsynsprogram (WGW) volg 'n holistiese benadering tot die welsyn van werknemers en is hoofsaaklik voorkomend van aard deur beide primêre en sekondêre dienste te bied. Die WGW-program word in die departement gemoniteer deur maandelikse benuttingsverslae vir primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorgdiens en rapportering) en sekondêre dienste (van aangesig tot aangesig, trauma en kritieke voorvalle, opleiding en geteikende intervensie). 'n Kwartaalverslag word deur die Direkoraat: Organisasoriese Gedrag binne die korporatiewe dienssentrum voorberei wat 'n tendensontleding van benutting, risiko-identifisering en die impak daarvan op produktiwiteit voorsien. Daarbenewens is voortdurende verslagdoening aan die Departement Staatsdiens en Administrasie (DSDA) 'n vereiste en sodanige verslagdoening fokus om vier hoofgebiede, naamlik MIV/vigs, gesondheid en produktiwiteit, welsynsbestuur, en veiligheidsgesondheidsomgewing en risiko- en gehaltebestuur.

Beleidsontwikkeling

Die volgende provinsiale beleide is gedurende die jaar onder beskouing aanvaar:

- a) **Spesiale verlofbeleid**, wat dwarsliggende standaarde en voorwaardes vir verlofkategorieë bepaal wat nie in die nasionale Afwesigheidsverlofbepaling (Augustus 2012) gereguleer word nie. Hierdie kategorieë sluit studieverlof, middelmisbruikbehandeling, deelname aan sportbyeenkomste, ens. in.
- b) **Beleid oor werk vir vergoeding buite die staatsdiens**, wat die voorwaardes voorsien waaronder die werkgewer magtiging aan werknemers sal verleen om werk vir vergoeding buite die staatsdiens te onderneem.
- c) **Beleid oor die afstaan van werknemers**, wat riglyne en algemene maatreëls voorsien en eenvormige voorwaardes vir die afstaan van personeel voorskryf.

3. MENSLIKEHULPBRON-OORSIGSTATISTIEKE

3.1 Personeelverwante uitgawe

Departemente begroot ingevolge duidelik omskrewe programme. Die volgende tabelle som die finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2) op en verskaf in die besonder 'n aanduiding van die bedrag wat aan personeel bestee is ingevolge elke program of salarisband binne die departement.

Die syfers in Tabel 3.1.1 is verkry van die Basiese Rekeningkundige Stelsel en die syfers in Tabel 3.1.2 is van die PERSAL [Personeelsalaris] stelsel verkry. Die twee stelsels is nie vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasinge na en van ander departement gesinkroniseer nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die totale besteding wat op hierdie stelsels weerspieël word.

Program	Programbenaming
Program 1	Administrasie
Program 2	Maatskaplike Welsynsdienste
Program 3	Ontwikkeling en Navorsing

Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program 2012/13

Program	Totale besteding (R'000)	Personeel besteding (R'000)	Opleidings-besteding (R'000)	Goedere & dienste (R'000)	Personeel-besteding as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeel-besteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Administrasie	177 461	129 183	1 822	37 373	72.8	1.4	921
Maatskaplike Welsynsdienste	1 178 087	313 326	71	107 303	26.6	0.0	1 442
Ontwikkeling en Navorsing	46 719	11 175	142	15 592	23.9	1.3	109
Totaal	1 402 267	453 684	2 035	160 268	32.4	0.4	2 472

Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningstydperk vergoeding ontvang het, met uitsondering van die Minister, maar insluitende interns.

Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisbande, 2012/13

Salarisbande	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Minder geskool (Vlak 1-2)	13 829	3.1	24	585
Geskool (Vlak 3-5)	80 607	17.8	136	593
Hoogs geskoolde produksie (Vlak 6-8)	200 881	44.5	223	903
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	138 081	30.6	377	366
Senior bestuur (Vlak 13-16)	18 227	4	729	25
Totaal	451 625	100	183	2 472

Let wel: Die getal werknemers verwys na al die individue wat gedurende die verslagtydperk vergoeding ontvang het, met uitsondering van die Minister, maar insluitende interns.

Die volgende tabelle gee 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4) van uitgawe aangegaan as 'n gevolg van salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbegroting wat vir hierdie items gebruik is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per program, 2012/13

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese hulp	
	Bedrag (R'000)	Salaris as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisings-toelae as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Mediese hulp as 'n % van personeelbesteding
Program 1	81 003	17.9	1 663	0.4	2 994	0.7	5 698	1.3
Program 2	229 181	50.7	2 377	0.5	9 422	2.1	15 636	3.5
Program 3	7 084	1.6	0	0	116	0.01	227	0.1
Totaal	317 268	70.3	4 040	0.9	12 532	2.8	21 561	4.8

Let wel: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp word as 'n % van die totale personeelbesteding bereken wat in Tabel 3.1.2 hierbo verskyn.

Die totale in Tabel 3.1.3 & 3.1.4 is dieselfde, maar weerspieël verskillende syfers as gevolg van die feit dat die data óf per program óf salarisband gegroepeer is en dat dit tot duisende afgerond is.

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per salarisbande, 2012/13


Salarisbande	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese hulp	
	Bedrag (R'000)	Salaris as 'n % van personeel-besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel-besteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeel-besteding	Bedrag (R'000)	Mediese hulp as 'n % van personeel-besteding
Minder geskool (Vlak 1-2)	4 620	1.0	12	0.01	176	0	259	0.1
Geskool (Vlak 3-5)	55 192	12.2	756	0.2	3 450	0.8	5 479	1.2
Hoogs geskoolde produksie (Vlak 6-8)	145 635	32.2	2 412	0.5	6 738	1.5	10 953	2.4
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	100 592	22.3	860	0.2	2 169	0.5	4 579	1
Senior bestuur (Vlak 13-16)	11 228	2.5	0	0	0	0	295	0.1
Totaal	317 267	70.3	4 040	0.9	12 533	2.8	21 565	4.8

3.2 Indiensname en vakatures

Die volgende tabelle bied 'n opsomming van die aantal poste op die diensstaat, die aantal werknemers, die persentasie van vakante poste, en of daar enige personeel is wat bykomend tot die diensstaat is. Hierdie inligting word ingevolge drie sleutelveranderlike aangebied: program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3) en departemente het kritieke beroepe geïdentifiseer wat gemoniteer moet word. Tabel 3.2.3 voorsien diensstaat- en vakature-inligting vir die sleutel- kritiekeberoep van die departement.

Tabel 3.2.1: Indiensname en vakatures per program soos op 31 Maart 2013

Program	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Vakature-koers wat bykomende personeel in aanmerking neem
Administrasie	391	349	10.7	47	0
Maatskaplike Welsynsdienste	1 522	1 260	17.2	74	12.4
Ontwikkeling en Navorsing	17	16	5.9	7	0
Totaal	1 930	1 625	15.8	128	9.2



Tabel 3.2.2: Indiensname en vakatures per salarisbande soos op 31 Maart 2013

Salarisband	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Vakature-koers wat bykomende personeel in aanmerking neem
Minder geskool (Vlak 1-2)	8	5	37.5	18	0
Geskool (Vlak 3-5)	745	581	22	43	16.2
Hoogs geskoolde produksie (Vlak 6-8)	815	720	11.7	29	8.1
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	337	299	11.3	37	0.3
Senior bestuur (Vlak 13-16)	25	20	20	1	16.0
Totaal	1 930	1 625	15.8	128	9.2

Let wel: Die inligting in elke geval weerspieël die situasie soos op 31 Maart 2013. Vir 'n aanduiding van veranderinge in personeelpatrone oor die jaar onder beskouing, verwys asb. na afdeling 3.4 van hierdie verslag.

Tabel 3.2.3: Indiensname en vakatures per kritieke beroep soos op 31 Maart 2013

Kritieke beroepe	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Vakature-koers wat bykomende personeel in aanmerking neem
Kinder- en Jeugsorgwerkers	351	288	17.9	12	14.5
Maatskaplike werkers	749	669	10.7	10	9.3
Senior bestuur	25	20	20	1	16.0
Totaal	1 125	977	13.2	23	11.1

3.3 Posevaluering

Die Staatsdiensregulasies, 2001 soos gewysig, het posevaluering bekendgestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyke vergoeding ontvang. Uitvoerende owerhede kan binne 'n nasionaal bepaalde raamwerk enige pos in hulle organisasie evalueer of herevalueer.

Tabel 3.3.1 gee 'n opsomming van die getal poste wat gedurende die jaar onder beskouing geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistieke oor die aantal poste wat opgradeer of afgradeer is.

Tabel 3.3.1: Posevaluering 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisband	Totale getal poste	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgradeer		Poste afgradeer	
				Getal	% van getal poste	Getal	% van getal poste
Minder geskool (Vlak 1-2)	8	0	0	0	0	0	0
Geskool (Vlak 3-5)	745	2	0.1	0	0	0	0
Hoogs geskoolde produksie (Vlak 6-8)	815	7	0.4	1	0.1	0	0
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	337	4	0.2	0	0	0	0
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	19	1	0.1	0	0	0	0
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	5	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	1	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur Diensband D (Vlak 16)	0	0	0	0	0	0	0
Totaal	1930	14	0.7	1	0.1	0	0

Let wel: Bestaande staatsdiensbeleid vereis dat departemente spesifiek geïdentifiseerde poste (met uitsondering van opvoeder- en BSB [beroepspesifieke bedelings-] poste) aan 'n formele posevalueringproses moet onderwerp. Dit sluit in nuut geskepte poste, asook poste waar die posinhoud aansienlik verander het (d.w.s. poste wat geraak word). Hierdie posevalueringproses bepaal die gradering en salarislak van 'n pos.

Tabel 3.3.2 gee 'n opsomming van die getal werknemers volgens ras, geslag en gestremdheid wie se salarisposisies opgradeer is omdat hulle poste opgradeer is.

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgradeer is omdat hulle poste opgradeer is van 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Begunstigdes	Swart mense	Indiërs	Bruin mense	Wit mense	Totaal
Vroulik	0	0	0	0	0
Manlik	0	0	1	0	1
Totaal	0	0	1	0	1
Werknemers met 'n gestremdheid					0

Tabel 3.3.3 verskaf 'n opsomming van die aantal gevalle waar salarisvlakke die graad wat deur posevaluering bepaal is, oorskry het (insluitende hoër kerwe wat toegeken is). Redes vir die afwyking word in elke geval verstrek.

Tabel 3.3.3: Werknemers wat hoër salarisse ontvang het as dié wat deur posevaluering per rassegroep bepaal is van 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Totale getal werknemers wie se salarisse die vlak wat deur posevaluering bepaal is, oorskry het (insluitend die toekenning van hoër kerwe) in 2012/2013	Geen
--	-------------


3.4. Indiensnemingsveranderinge

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die departement gedurende die jaar onder beskouing. Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroepe (Tabel 3.4.2).

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisband	Getal werknemers per band 31 Maart 2012	Omsetkoers 2011/12	Aanstellings in die departement	Oorplasinge na die departement	Diensbeëindigings uit die departement	Oorplasinge uit die departement	Omsetkoers 2012/13
Minder geskool (Vlak 1-2)	38	2.4	5	0	17	0	44.7
Geskool (Vlak 3-5)	724	5.6	162	2	176	2	24.6
Hoogs geskoolde produksie (Vlak 6-8)	668	3.9	101	11	50	8	8.7
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	311	3.7	14	5	21	8	9.3
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	16	25.0	1	0	1	1	12.5
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	5	0	0	0	2	0	40
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	1	100	0	0	0	0	0
Senior bestuur Diensvlak D (Vlak 16)	0	0	0	0	0	0	0
Totaal	1763	4.5	283	18	267	19	16.2
			301		286		

Let wel: 'n Oorplasing is wanneer 'n staatsdiensbeampte van een departement na 'n ander skuif, op dieselfde salarisvlak.




Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse per kritieke beroep 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Kritieke beroep	Getal werknemers per band 31 Maart 2012	Omsetkoers 2011/12	Aanstellings in die departement	Oorplasing na die departement	Diensbeëindigings uit die departement	Oorplasing uit die departement	Omsetkoers 2012/13
Kinder- en jeugsorgwerkers	284	0	134	0	0	0	0
Maatskaplike werkers	632	1.9	63	10	20	4	3.8
Senior bestuur	22	30.7	1	0	3	1	18.2
Totaal	938	2.2	198	10	23	5	2 472
			208		28		



Tabel 3.4.3: Personeel wat die diens van die departement verlaat het 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Diensverlatingskategorie	Getal	% van totale diensverlatings	Getal diensverlatings as 'n % van totale aantal werknemers soos op 31 Maart 2012
Dood	7	2.4	0.4
Bedanking *	41	14.3	2.3
Verstryking van kontrak	199	69.6	11.4
Afdanking – bedryfsveranderinge	0	0	0
Afdanking – wangedrag	8	2.8	0.5
Afdanking – ondoeltreffendheid	0	0	0
Ontslag weens swak gesondheid	1	0.3	0.1
Aftrede	11	3.8	0.6
Werknemergeïnisieerde uittreepakket	0	0	0
Oorplasing na ander staatsdiensdepartemente	19	0	0
Totaal	286	6.6	1.1




Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die verskeie uitdienstredingskategorieë vir personeel wat die diens van die departement verlaat het. Bedankings word verder in tabel 3.4.4 en 3.4.5 bespreek.

Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Bedankingsrede	Getal	% van totale bedankings
Swak gesondheid	1	2.4
Beter vergoeding	6	14.6
Bedanking uit pos	30	73.2
Geen rede	4	9.8
Totaal	41	100

Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Ouderdomsgroep	Getal	% van totale bedankings
Ouderdom <19	0	0
Ouderdom 20 tot 24	3	7.3
Ouderdom 25 tot 29	12	29.3
Ouderdom 30 tot 34	9	22
Ouderdom 35 tot 39	4	9.8
Ouderdom 40 tot 44	3	7.3
Ouderdom 45 tot 49	1	2.4
Ouderdom 50 tot 54	5	12.2
Ouderdom 55 tot 59	4	9.8
Ouderdom 60 tot 64	0	0
Ouderdom 65 >	0	0
Totaal	41	100



Tabel 3.4.6: Toestaan van afreepakette wat deur werknemers geïnisieer is, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Totale getal afreepakette wat in 2012/2013 deur werknemers geïnisieer is	Geen
---	-------------

Tabel 3.4.7: Bevorderings per salarisband, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisband	Werk-nemers soos op 31 Maart 2012	Bevorderings tot 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van werknemers per salarisband	Progressie tot by 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerf-progressies as 'n % van werknemers per salarisband
Minder geskool (Vlak 1-2)	38	0	0	19	50
Geskool (Vlak 3-5)	724	9	1.2	329	45.4
Hoogs geskoolde produksie (Vlak 6-8)	668	3	0.4	400	59.9
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	311	12	3.9	237	76.2
Senior bestuur (Vlak 13-16)	22	1	4.5	11	50
Totaal	1763	25	1.4	996	56.5

Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Critical Occupation	Werk-nemers soos op 31 Maart 2012	Bevorderings tot 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van werknemers per salarisband	Progressie tot by 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerf-progressies as 'n % van werknemers per salarisband
Kinder- en jeugsorgwerkers	284	10	3.5	44	15.5
Maatskaplike werkers	632	8	1.3	320	50.6
Senior bestuur	22	1	4.5	10	45.5
Totaal	938	19	2.0	374	39.9

Let wel: BSB-werknemers kwalifiseer vir kerfprogressie vir elke tweede jaar van diens.

3.5. Diensbillikheid

Die tabelle in hierdie afdeling is gebaseer op die formate wat deur die Wet op Diensbillikheid (Wet 55 van 1998) voorgeskryf word. Die inligting wat in hierdie afdeling verskaf word beeld die departement se demografiese samestelling deur ras, geslag en gestremdheid uit, soos vereis deur die Wet op Diensbillikheid en die Departement van Staatsdiens en Administrasie. Posisies op ons posdiensstaat vereis verskeie akademiese kwalifikasies soos 'n Senior Sertifikaat, tegniese kwalifikasie of grade en nagraadse grade, asook sekere bevoegdheidsvlakke. Die Wet op Diensbillikheid bepaal dat wanneer daar vasgestel word of toegewese groepe billik binne 'n beroepskategorie en vlak in 'n werkgewerarbeidsmag verteenwoordig word, moet 'n aantal faktore in aanmerking geneem word insluitende die poel van geskikte gekwalifiseerde mense van toegewese groepe waaruit die werkgewer redelikerwyse kan verwag om werknemers te bevorder of aan te stel. Die syfers wat in hierdie afdeling weergegee word neem nie hierdie faktore in aanmerking nie en weerspieël nie die feit dat die bevolkingstatistiek wat deur die 2011-sensus voorsien is, toon dat 'n baie klein persentasie van die Wes-Kaapse bevolking Matriek en tersiêre kwalifikasies het. Dit maak die poel van "geskikte gekwalifiseerde mense" uit waaruit die Wes-Kaapse Regering personeel in diens kan neem (soos gespesifiseer deur die Wet op Diensbillikheid en Staatsdiensregulasies). Die departement gaan voort om in maatreëls te belê om die poel van geskikte gekwalifiseerde mense te vergroot wat om werkseleenthede kan meeding om die billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op vlakke in die arbeidsmag uit te brei.

Tabel 3.5.1: Totale getal werknemers (insluitend werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2013



Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Mans	Vroue	
Topbestuur (Vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	1
Senior bestuur (Vlak 13-14)	2	2	0	3	1	7	0	5	0	0	20
Professioneel gekwalifiseerde spesialiste met ondervinding en middelbestuur (Vlak 9-12)	28	76	0	9	48	136	2	38	1	0	338
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne, en superintendente (Vlak 6-8)	83	189	2	8	163	367	4	43	0	0	859
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5)	102	147	2	4	97	152	1	10	0	0	515
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlak 1-2)	3	8	0	0	4	5	0	0	0	0	20
Totaal	218	422	4	24	313	667	7	96	2	0	1753
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groot totaal	218	422	4	24	313	667	7	96	2	0	1753

S = Swart mense; B = Bruin mense; I = Indiërs; W = Wit mense.



Let wel: Die syfers wat per beroepsvlakke weerspieël word, sluit alle permanente, deelydse en kontrakwerknemers in. Daarbenewens word die inligting per salarisvlak en nie per posvlak weergegee nie.

Vir die getal werknemers met gestremdhede verwys na Tabel 3.5.2.



Tabel 3.5.2: Totale getal werknemers (slegs met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke soos op 31 Maart 2013

Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Mans	Vroue	
Topbestuur (Vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlak 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Professioneel gekwalifiseerde spesialiste met ondervinding en middelbestuur (Vlak 9-12)	1	3	0	1	0	2	0	0	0	0	7
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne, en superintendente (Vlak 6-8)	2	2	0	0	2	2	0	1	0	0	9
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5)	1	2	0	1	1	1	0	0	0	0	6
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlak 1-2)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Total	4	7	0	2	3	5	0	1	0	0	22
Tydelike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groot totaal	4	7	0	2	3	5	0	1	0	0	22

S = Swart mense; **B** = Bruin mense; **I** = Indiërs; **W** = Wit mense.

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak weerspieël word sluit alle permanente, deeltydse en kontrakwerkers in. Daarbenewens word die inligting per salarisvlak en nie per posvlak aangebied nie.

Tabel 3.5.3: Werwing: 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Mans	Vroue	
Topbestuur (Vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlak 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde spesialiste met ondervinding en middelbestuur (Vlak 9-12)	0	7	0	3	2	3	0	3	1	0	19
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne, en superintendente (Vlak 6-8)	11	24	1	0	22	47	1	6	0	0	112
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5)	29	54	0	1	32	44	0	4	0	0	164
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlak 1-2)	1	4	0	0	0	0	0	0	0	0	5
Totaal	41	89	1	4	56	94	1	14	1	0	301
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groot totaal	41	89	1	4	56	94	1	14	1	0	301

S = Swart mense; **B** = Bruin mense; **I** = Indiërs; **W** = Wit mense.

Let wel: Werwing verwys na nuwe werknemers, insluitend oorplasing na die departement soos per Tabel 3.4.1.

Table 3.5.4: Bevorderings: 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Mans	Vroue	
Topbestuur (Vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlak 13-14)	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde spesialiste met ondervinding en middelbestuur (Vlak 9-12)	1	3	0	0	2	5	0	1	0	0	12
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne, en superintendente (Vlak 6-8)	0	1	0	0	1	1	0	0	0	0	3
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5)	2	1	0	0	4	2	0	0	0	0	9
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlak 1-2)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totaal	3	5	0	0	7	9	0	1	0	0	25
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groot totaal	3	5	0	0	7	9	0	1	0	0	25

S = Swart mense; **B** = Bruin mense; **I** = Indiërs; **W** = Wit mense.

Let wel: Bevorderings verwys na die totale aantal werknemers wat binne die departement bevorder is soos per Tabel 3.4.7.

Tabel 3.5.5: Diensbeëindigings: 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Mans	Vroue	
Topbestuur (Vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlak 13-14)	0	0	1	2	0	1	0	0	0	0	4
Professioneel gekwalifiseerde spesialiste met ondervinding en middelbestuur (Vlak 9-12)	4	7	0	3	8	4	0	3	0	0	29
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne, en superintendente (Vlak 6-8)	7	7	0	2	15	24	0	3	0	0	58
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5)	33	56	0	2	31	54	0	2	0	0	178
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlak 1-2)	5	3	0	0	4	5	0	0	0	0	17
Totaal	49	73	1	9	58	88	0	8	0	0	286
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groot totaal	49	73	1	9	58	88	0	8	0	0	286

S = Swart mense; **B** = Bruin mense; **I** = Indiërs; **W** = Wit mense.

Let wel: Diensbeëindigings verwys na daardie werknemers wat die diens van die departement verlaat het, insluitende oorpasing na ander departemente soos per Tabel 3.4.1.

Tabel 3.5.6: Tugstappe: 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Tugstappe	Mans				Vroue				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Mans	Vroue	
Korrektiewe berading	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Mondelinge waarskuwing	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Skriftelike waarskuwing	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Finale skriftelike waarskuwing	2	1	0	1	1	1	0	0	0	0	6
Skorsing sonder betaling	2	0	0	1	0	0	0	0	0	0	3
Degradering	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Afdanking/ drostery	3	3	0	0	2	0	0	0	0	0	8
Nie skuldig nie	1	0	0	0	0	1	0	0	0	0	2
Saak teruggetrek	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Ander (spesifiseer asseblief)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Total	8	4	0	3	3	2	0	0	0	0	20

S = Swart mense; **B** = Bruin mense; **I** = Indiërs; **W** = Wit mense.

Let wel: Die tugstappetotaal verwys na die formele uitkomst. Vir verdere inligting oor die uitkomst van die tugverhore en die tipes wangedrag wat by die tugverhore hanteer is, verwys asseblief na Tabel 3.12.2 en Tabel 3.12.3.

Tabel 3.5.7: Vaardigheidsontwikkeling: 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	
Topbestuur (Vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlak 13-14)	1	0	0	0	0	0	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde spesialiste met ondervinding en middelbestuur (Vlak 9-12)	4	22	0	3	12	62	0	13	116
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne, en superintendente (Vlak 6-8)	45	93	0	4	90	225	1	20	478
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5)	31	42	1	0	26	49	0	2	151
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlak 1-2)	6	16	0	0	17	37	0	0	76
Totaal	87	173	1	7	145	373	1	35	822
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groot totaal	87	173	1	7	145	373	1	35	822

S = Swart mense; **B** = Bruin mense; **I** = Indiërs; **W** = Wit mense.

Let wel: Die bogenoemde tabel verwys na die totale getal personeel wat opleiding ontvang het en nie die aantal opleidingskursusse wat deur individue bygewoon is nie. Vir verdere inligting oor die werklike opleiding wat verskaf is, verwys asseblief na Tabel 3.13.2.

3.6. Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBP

Tabel 3.6.1: Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBP soos op 31 Mei 2012

SBP-vlak	Getal befondsde SBP-poste per vlak	Getal SBP per vlak	Getal ondertekende prestasie-ooreenkomste per vlak	Ondertekende prestasie-ooreenkomste as % van SBP per vlak
Direkteur-Generaal/Departementshoof	1	1	1	100
Salarisvlak 16, maar nie DH nie	0	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0	0
Salarisvlak 14	5	5	4	80
Salarisvlak 13	16	14	14	100
Totaal	22	20	19	95

Let wel: Die toekenning van prestasieverwante belonings (kontantbonus) vir lede van Senior Bestuursdienste wat later in hierdie verslag behandel. Verwys asseblief na Tabel 3.8.5.

Tabel 3.6.2: Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met aal SBP op 31 Mei 2012 aangegaan is nie

Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBP aangegaan is nie	1 Hoofdirekteur is geskors
---	----------------------------

Tabel 3.6.3: Tugstappe wat teen SBP gedoen is omdat geen prestasie-ooreenkomste op 31 Mei 2012 aangegaan is nie

Tugstappe wat teen SBP gedoen is omdat geen prestasie-ooreenkomste aangegaan is nie	Geen
---	------

3.7. Vulling van SBP-poste

Tabel 3.7.1: Inligting oor SBP-poste soos op 30 September 2012

SBP-vlak	Getal befondsde SBP-poste per vlak	Getal SBP-poste gevul per vlak	% SBP-poste gevul per vlak	Getal SBP-poste vakant per vlak	% SBP-poste vakant per vlak
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	1	1	100	0	1
Salarisvlak 16, maar nie DH nie	0	0	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0	0	0
Salarisvlak 14	5	4	80	1	5
Salarisvlak 13	18	15	83.33	3	18
Totaal	24	20	83.33	4	24

Tabel 3.7.2: Inligting oor SBP-poste soos op 31 Maart 2013

SBP-vlak	Getal befondsde SBP-poste per vlak	Getal SBP-poste gevul per vlak	% SBP-poste gevul per vlak	Getal SBP-poste vakant per vlak	% SBP-poste vakant per vlak
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	1	0	0	1	1
Salarisvlak 16, maar nie DH nie	0	0	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0	0	0
Salarisvlak 14	5	3	60	2	5
Salarisvlak 13	19	17	89.47	2	19
Totaal	25	20	80	5	25

Tabel 3.7.3: Advertering en vulling van SBP-poste soos op 31 Maart 2013

SBP-vlak	Advertering	Vulling van poste	
	Getal vakatures per vlak geadverteer in ses maande voordat dit vakant word	Getal vakatures per vlak gevul in ses maande nadat dit vakant geword het	Getal vakatures per vlak nie gevul in ses maande nie maar gevul in 12 maande
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	0	0	0
Salarisvlak 15	1	0	0
Salarisvlak 14	1	0	0
Salarisvlak 13	3	0	0
Totaal	5	0	0

Tabel 3.7.4: Redes waarom nie die vulling van befondsde vakante SBP-poste nie nagekom is nie – geadverteer binne ses maande en gevul binne 12 maande nadat hulle vakant geword het

SBP-vlak	Redes vir nienakoming
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	None
Salarisvlak 16, maar nie DH nie	None
Salarisvlak 15	None
Salarisvlak 14	<p>Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling Volgens die goedgekeurde moderniseringskonsep wat deur die Kabinet goedgekeur is, is 'n nuwe organisatoriese struktuur vir die departement in November 2010 bekend gestel. Die konsep het voorsiening gemaak vir die hersiening van die struktuur na ses maande na implementering om enige verdere aanpassings te maak wat nodig mag wees om werkverrigtinge te optimaliseer. Gedurende die verloop van hierdie proses sal die departement die rol van die HD: Diensleweringbestuur en Koördinerings hersien. Die departement gaan 'n model loods waar ses streke direk aan die DH rapporteer. Die Hoofdirekteur: Diensleweringbestuur en Koördinerings as sodanig afgestaan aan die Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling. Indien die departement bepaal dat direkte rapportering aan die departementshoof se kantoor 'n meer doeltreffende organisatoriese model is sal die departementele struktuur dienooreenkomstig gewysig word, in welke geval die HD: Diensleweringbestuur en Koördinerings permanent na die HD: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling oorgeplaas word. Indien hierdie model nie suksesvol is nie sal die departement voortgaan om die pos te adverteer.</p>
